

Antwoorde: Nov 12 Beacon kompetisie: "Kan jy die probleem raaksien?"

Januarie 2013

Dankie aan almal wat deelgeneem het aan die November kompetisie. Dankie ook aan almal wat deelgeneem het aan die meningsopname. Dit is waardevolle terugvoering vir die opstellers van die Beacon!

Hierdie Beacon is voorberei voordat die inskrywings gesluit het, so ons het nog nie al die probleme wat ons lesers raakgesien het nie. Hier is dan van die probleme wat ons raakgesien het:

1. Hierdie is 'n maklike een! Die ondersteuning van die pypwerk is baie swak.
2. Die druk tussen die barskyf en die veiligheidsklep affekteer die integriteit van die drukveiligheidsstelsel. 'n Barskyf sal bars as die verskil tussen die stroomop en stroomaf druk die ontwerp barsdruk oorskry. As daar druk tussen die barskyf en die veiligheidsklep is sal die barskyf nie op die bedoelde proses barsdruk bars nie.
3. Ten spyte van die waarskuwingsteken is die ventilasieprop aan die bokant van die veiligheidsklep nie verwyder nie. Die prop is bedoel om die klep te beskerm tydens vervoer maar moet uitgehaal word as die klep geïnstalleer word, anders gaan die veiligheidsklep nie op die regte druk oopmaak nie.
4. Buigbare pype word hier gebruik om skewe pype met mekaar te verbind. Dit lyk ook asof die flens aan die regterkant een bout kort is en die flense baie skeef is.
5. Al hierdie pompe lyk eenders en tog is daar geen naamplaatjies of etiketering om te sê watter een is watter nie.
6. Al die kleppe en pypstukke op die inlaatlyn van hierdie veiligheidsklep kan drukverlies veroorsaak wat die veiligheidsklep kan laat stotter. Die afsluitklep op die inlaat lyk ook nie asof daar enige voorsorg is om te verhoed dat dit per ongeluk toegemaak word en die veiligheidsklep afsny van die proses nie. Dan is die oordruk beskerming daarmee heen.
7. Daar is heelwat probleme in die foto. Hier is maar 'n paar:
 - (1) Geen sigbare naamplaat op die stoortenk nie.
 - (2) Geen oogwas of veiligheidsstorte in die omgewing nie.
 - (3) Die persoon in die foto dra nie enige persoonlike beskermings klere of toerusting nie.
 - (4) Geen blokke voor die tenker se wiele nie.
 - (5) Geen sigbare fasiliteitevir beperking van verspilling nie.
 - (6) Verskeie trip en glygefare op die sneeu.
 - (7) Geen beskerming van die pomp en pype as die tenker per ongeluk te vêr agtertoe ry nie.
 - (8) Onvoldoende platform om die aflaaikonneksie by te kom.
 - (9) Geen manier om die aflaaipyp te dreineer na aflaaï nie.
 - (10) Geen drukmeters op die aflaaïsiteem vir foutsporing nie.
 - (11) Die klephandvatstel stroomaf van die pomp is te hoog om by te kom.
 - (12) Die ondersteuning van die aflaaipype is swak!



Die sleutel to veiligheid is om altyd op jou hoede te wees!